Ek was hier

’n gids

saamgestel deur
Alet Mihalik

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.
Bosmanstraat 380, Pretoria
Tel.: (012) 401 0700
E-pos: lapa@lapa.co.za
© Teks: Alet Mihalik 2013

1. Hoe om hierdie gids te benut

Die doel met letterkunde-onderrig is nie dat leerders net die inhoud van 'n teks moet verstaan nie, maar om uiteindelik intelligent en ingelig te kan saampraat oor letterkunde. In onlangse studies het die fokus verskuif van "wat probeer die outeur sê" na "hoe verstaan die teikenleser die teks en hoe affekteer dit hóm" (die sogenaamde resepsieteorie). Leerders moet dus aangemoedig word om die gepaste terminologie aan te leer, sodat hulle hul eie mening kan verwoord.

Hierdie gids is op die onderwyser ingestem sodat hy gesprek kan inisieer en lei. Daarom is gegewe antwoorde eerder riglyne as "korrekte" antwoorde. Die onderwyser kan die gids na goeddunke aflaai, manipuleer en kopieer. Die leë tabelle kan byvoorbeeld "gerek" en uitgedeel word sodat leerders dit self kan invul terwyl die teks gelees word. Die ingevulde tabel kan dan later as kontrole of memorandum uitgedeel word. Net so kan die vrae vir toetse of hersiening gekies en aangepas word na gelang van die groep se intellektuele peil.

Die moontlike antwoorde en ingevulde tabelle word aan die einde verskaf. Dit kan dan aan die leerders uitgedeel word sodat hulle hul pogings daarmee kan vergelyk.

2. Die outeur

Nanette van Rooyen
Biografiese inligting oor die outeur kan as 'n leestoets gebruik word om te verseker dat leerders luister wanneer dit voorgelees of vertel word. Die volgende kort biografie is verskaf deur die skryfster, soos geredigeer op 18 Desember 2012:

'n Kort biografie

Nanette van Rooyen is op 3 November 1962 op Sutherland, in die Koue Bokkeveld, gebore. Ná lang jare in die Karoo matrikuleer sy op Vredenburg aan die Weskus. Sy studeer hoofsaaklik tale (Afrikaans en Nederlands, Engels, Xhosa) aan die Universiteit van Stellenbosch en gee daarna skool op Umtata in die Transkei.

Daarna betree sy die uitgewerswêreld in Kaapstad en werk vir die volgende vyftien jaar as boekredakteur by verkeie uitgewershuise. In 1991 word die eerste van haar kinderboeke gepubliseer. (Sestien titels het inmiddels verskyn waaronder die mees onlangse titel *Leah se meermin* by LAPA Uitgewers.) Daarna werk sy as vryskut-redakteur en begin meer intens skryf.

Sy ontvang die ATKV-prys vir *Maaneiers* in 1997. 'n Kortverhaalbundel, *Om te vlerk*, verskyn in 2001 by Human & Rousseau en word bekroon met die RAU-Mardene Marais Debuutprys vir Skeppende Werk. Haar debuutroman, *Chinchilla*, het deel gevorm van die MA-graad in Skeppende Skryfkuns wat sy in 2007, onder leiding van prof. Etienne van Heerden, aan die Universiteit van Kaapstad voltooi het. Hierdie boek was op die kortlys vir die M-Net-letterkundeprys 2008 saam met Etienne van Heerden, Deon Meyer en Willem Anker. Met haar debuutjeugroman, *Ek was hier*, wen sy die LAPA 2011 Jeugromankompetisie.

Sy woon in Fresnaye, Kaapstad, waar sy reeds besig is met die skryf van 'n volgende roman en 'n bundel volwasse kortverhale asook kinderboeke.

Wanneer sy nie skryf nie lees sy, skilder, neem foto's en is lief vir kook. Sy is getroud met Rudi van Rooyen, 'n senior advokaat by die Kaapse Balie, en hulle het twee dogters, Sabina (16) en Leah (8).

In 'n onderhoud met Maggie van Eeden het Nanette die volgende oor *Ek was hier* gesê: "Dit is in essensie 'n liefdesverhaal waar graffiti en straatkuns die liefdesbrief word. Guerrilla-kuns word die voertuig waarin emosie rondgekarwei word. Ek het dit ook ten doel gehad om weg te breek van die destruktiewe 'tagging' onder brûe en op stadsmure en spesifiek te hou by goeie internasionale straatkuns soos van Banksy, Blek le Rat, Swoon en veel meer. Ook ons eie 'Faith47' wat vrouesake aanspreek en Dave Coxell wat graffiti as 'n oorlewingstog aangepak het. Die kwaad en seer van 'n tienerstem kan in baie vorme gehoor en gesien word. Hopelik stel *Ek was hier* hulle bekend aan meer as net die oorlogsvoerende vorm van kommunikasie op mure en ruite." (Lees die volledige onderhoud op LitNet.)

Nanette het op versoek die volgende inligting oor die skryfproses verskaf:

Gedagtes rondom die skryf van *Ek was hier*

Die graffitikunstenaar Banksy was die prikkel wat my laat besluit het om 'n liefdesroman vir tieners te skryf. Die twee verliefde karakters sou met mekaar kommunikeer deur "merke" of boodskappe te laat in die openbaar.

Aangesien graffiti onwettig en strafbaar is, moes ek aan 'n alternatief dink. In my navorsing omtrent internasionale graffitikunstenaars het ek op Keri Smith van Londen afgekom. Sy doen "groen" graffiti. Dit wil sê, geen spuitkanne word gebruik nie omdat dit sleg is vir die omgewing, maar ook baie ongesond is vir die kunstenaar. Dit tas die longe aan en breek immuniteit af.

'n Vriend van my gaan koop toe vir my Keri Smith se boek by die Tate Modern Museum in Londen. Die titel daarvan: *The guerilla art kit.* Daaruit kon ek idees kry vir die karakters in my boek se manier van kommunikeer. Soos die gebruik van bordkryt en waterverf met stensils, plakkate, saadbomme, wensbome, die onverwagte objek en veel meer.

Musiek speel 'n belangrike rol in die boek. Dit is ook 'n vorm van kommunikasie. Hier het ek my laat lei deur my dogter, Sabina, wat passievol is oor musiek en ook die elektriese kitaar, baskitaar en klavier kan speel.

Sy het ook die illustrasies vir die boek gedoen. In daardie stadium van die ontwikkeling van die boek was sy veertien jaar oud. Dieselfde ouderdom as Frankie in die roman. Ek het gedink dat dit meer outentiek sal wees as sy die sketse doen, eerder as 'n professionele boekillustreerder.

Glossarium van guerilla-taal wat ge-google kan word:
Drop (Ek het dit "pos" in Afrikaans genoem)
Graffiti (Tagging)
Guerilla Art
Guerilla Gardening
Installation
Knit Tagging
Light Graffiti
Wheat Paste
Stenciling
Street Art

Die jeugroman

'n Tipiese tienerroman handel gewoonlik oor die grootwordproses en die sogenaamde "rites" (rituele) wat die oorgange na die verskillende lewenstadia "merk". (Dit staan bekend as "rites of passage", "deurgangsrites" of "oorgangsrites".) Algemene simbole vir die grootwordproses is byvoorbeeld gevaarlike, verwarrende terreine soos bosse, oerwoude (ook beton-oerwoude), woestyne, troebel water, doolhowe en donker gange. Nuwe stadia word dikwels gemerk deur water, soos reën, bad en riviere. Dit behels dikwels inisiasieprosesse, die verlies van onskuld en die gepaardgaande ontnugtering, seksuele ontwaking, die ontdekking van die harde werklikheid van die grootmenswêreld, die aanvaarding van nuwe verantwoordelikhede, ensovoorts.

Die teikenleser
Die teikenlesers van die jeugroman is tieners. (Die plakker op die voorblad noem dat dit in 2011 die jeuromanwedstryd gewen het.) Dikwels is die hoofkarakter se ouderdom ook 'n aanduiding. Bespreek dit vooraf met die leerders en waarsku hulle dat hulle ná die leesproses 'n resensie gaan skryf waarin hulle sal moet aandui of die inhoud, taalgebruik, ensovoorts gepas is vir die teikenmark.

Die vertelinstansie
Die vertelinstansie het in onlangse jare baie aandag van literatuurwetenskaplikes geniet. Vir skooldoeleindes is dit voldoende om te onderskei tussen 'n binneverteller (ook genoem ek-verteller of eerstepersoonsverteller) en 'n buiteverteller (ook genoem 'n alomteenwoordige of derdepersoonsverteller.) 'n Binneverteller kan net vertel wat sy self sien of hoor en 'n outeur gebruik dikwels tegnieke soos gesprekke, briewe, skinderstories, ensovoorts om die beperkings van 'n binneverteller te oorkom. 'n Buiteverteller kan ook deur 'n spesifieke karakter fokus – so 'n karakter word 'n fokalisator genoem. Hierdie verhaal word afwisselend vertel deur Frankie van Luffelen, 'n binneverteller wat ook die hoofkarakter in die verhaal is, en Milan Kucharzik, ook 'n binneverteller.

Die romantitel
'n Titel skep verwagtinge by die leser. Laat die leerders aanvanklik neerskryf wat hulle dink gaan gebeur. Laat hulle periodiek tydens die leesproses aanpassings maak sodat hulle bewus word van hoe die kognitiewe prosesse die verwagtinge beïnvloed.

Die omslag



Die omslag van 'n roman word nie deur die outeur bepaal nie, maar deur die uitgewers. Nogtans bepaal 'n omslag dikwels of die teikenleser gaan besluit om die boek te lees, of nie. Laat die leerders die omslag (voor- en agterblad) krities bespreek. Die volgende vrae kan die gesprek rig:

1. Ons sien 'n foto van 'n meisie met lang hare wat op 'n skaatsplank teen 'n muur sit. Watter afleidings kan ons maak van haar haarstyl, kleredrag en liggaamshouding?
2. Hoekom, dink jy, is net die onderste deel van haar gesig sigbaar?
3. Bespreek die beligting en kleurgebruik van die foto.

4. Bespreek die titel – die skryfwyse, lettertipe, kleur en moontlike betekenis.
5. Watter verskil maak die gebruik van 'n foto teenoor 'n kunstenaar se illustrasie?

Die opdrag

Die roman is opgedra aan Sabina. Laat die leeders spekuleer wie Sabina is. Lees dan die bedanking aan Sabina op bl. 175.

Die vertelinstansie

Een van die grootste probleme wat 'n skrywer moet oplos, is wie die verhaal gaan vertel. In die Afrikaanse literatuur vóór die vernuwing van Sestig, is hoofsaaklik die derdepersoons- of alomteenwoordige of buiteverteller gebruik. Die voordeel van 'n buiteverteller is dat hy alles kan sien en beskryf, maar die nadeel is dat hy nie eerstehands kan vertel hoe 'n karakter dinge beleef nie.

Sedert die vernuwing van Sestig het die binneverteller (ook genoem eerstepersoonsverteller) gewild geraak – veral omdat die sogenaamde gedagtestroom-verteltegniek ("stream of consciousness") so toepaslik was vir die eksistensialisme wat toe hoogmode was.

In hierdie roman vind ons twee binnevertellers, Frankie en Milan, wat om die beurt die gebeure uit hul persoonlike waarneming en ervaring oorvertel. Wanneer die een verteller by die ander oorneem, word dit boaan die betrokke hoofstuk aangedui.

Die verhaalruimte

Verhaalruimte behels die plek, tyd en atmosfeer waarteen die verhaal afspeel. Die verhaalruimte hoef nie die werklikheid te weerspiëel nie, maar is die roman se werklikheid en moet die leser oortuig dat dit eg is.

Hierdie verhaal speel af in Groenpunt, 'n bekende ou voorstad van Kaapstad. Laat leerders op 'n kaart en die internet kyk waar dit is en hoe dit lyk. Hulle kan selfs die karakters se bewegings op Google Earth volg.

Die volgende is van belang:

- Kaapstad lê in 'n winterreënvalstreek.
- Groenpunt lê tussen die see en Seinheuwel of Vlaeberg. Die gebied is digbewoon, met ou en nuwe woonstelle, huise en winkels langs nou straatjies en steil op- en afdraandes.
- Giovanni's is 'n bekende delikatesse in die hoofstraat.
- De Waalpark en die Tuine Mediclinic is in Oranjezicht en Tuine bokant die middestad van Kaapstad.

Laat die leerders tydens die leesproses gegewens en suggesties ten opsigte van ruimte op 'n tabel soos hier onder invul. Skryf net trefwoorde neer en gee bladsyverwysings waar nodig. Daarna kan dit saamgevat word vir 'n langvraag oor die verhaalruimte.

Die verhaalruimte

Plek	Tyd	Atmosfeer

Karakterisering

Die leser leer karakters ken deur wat hulle doen, dink en sê. Ook uit hoe ander karakters met en van hulle praat en teenoor hulle optree.

Naamgewing kan ook karakteriseer – 'n naam soos Frankie suggereer byvoorbeeld seunsagtigheid, verengelsing van 'n Afrikaanse naam, verkleining van 'n gewigtige doopnaam, ens.

Frankie se doopnaam, Frouwke, beteken letterlik Vroutjie of Meisie en dit impliseer dat sy die argetipe meisie-onderweg-na-vrouwees mag wees.

Soms manipuleer die outeur die leser om met sekere karakters te simpatiseer of van hulle te hou. Leerders moet hierop attent gemaak word wanneer karakterisering bespreek word.

Let wel: Die neiging om karakters as protagoniste of antagoniste te tipeer, word onder die hofie Konflik bespreek aangesien 'n konfliksituasie bepaal wie die protagonis in dié geval is.

Omdat 'n roman meer verteltyd as 'n kortverhaal het, verwag ons dat die karakters sal groei en ontwikkel. Die outeur het ook meer verteltyd tot sy beskikking om "ronde" karakters te skep – d.w.s. veelsydige karakters met interessante fasette wat veral oortuigend en geloofwaardig is.

Laat leerders 'n tabel soos hier onder teken en dan besonderhede oor elke karakter daarop invul om die uiteindelike karaktersketse te vergemaklik.

Karakters			
Die Van Luffelens			
Frankie	**Ma Elena**	**Pa**	**Ouma**
Die Kucharziks			
Milan	**Pa**	**Ander karakters**	

Spanning

Spanning is die afwagting wat die leser noop om verder te lees. Dit sluit in: die nuuskierigheid oor wie wat gaan doen, die afwagting op daardie romantiese soen, die asem-ophou of die poets gaan werk, ensovoorts. Die spanning kan opbou na 'n klimaks, of dit kan afwisselend opbou en verslap tot by die uiteindelike klimaks (of soms 'n antiklimaks).

Konflik

Konflik (botsing) skep spanning en is ook 'n belangrike middel vir karakterisering. Ons onderskei tussen interne of innerlike konflik en eksterne of uiterlike konflik.

Eksterne konflik is die botsing tussen 'n karakter en sy omgewing – hetsy ander karakters, die natuur, omstandighede buite sy beheer, ensovoorts.

Interne konflik is 'n karakter se botsende emosies, begeertes, drange, ensovoorts.

Eksterne konflik veroorsaak gewoonlik interne konflik en omgekeerd.

In 'n bepaalde konfliksituasie noem ons die karakter wat positief optree die protagonis en die aggressor ('n karakter of instansie wat negatief op die antagonis inspeel) die antagonis. Wanneer daar 'n derde "mag" betrokke is, soos byvoorbeeld in 'n liefdesdriehoek, word dié die tritagonis genoem.

Beeldspraak

Alle nie-letterlike uiting is eerstens metafoor en dan 'n vergelyking, personifikasie, hiperbool, ensovoorts. 'n Metafoor lê 'n assosiatiewe verband tussen twee dinge. Die raakpunt tussen dié twee dinge word die tersium genoem. Wanneer beeldspraak ontleed word, word die tersium eers bepaal, en dan word ondersoek watter twee dinge daardeur verbind word.

Rooi verkry byvoorbeeld in hierdie roman metaforiese waarde. Wanneer Frankie die Banksy-boek uit die malvas lig (bl. 10), "*ruik die lug rooi en skerp*". Die tersium is hier die reuk van rooi gekneusde malvas, maar deur "skerp" by tye voeg, suggereer dit ook dat die Banksy-boek by haar 'n gevoel van opwindende waaghalsigheid en potensiële gevaar wek. Die titel, ***Wall and Piece***, asook die omslag-illustrasies, sinspeel op Tolstoi se bekende ***War and Peace*** en versterk die assosiasie met gevaar.

Op bl. 32 vergelyk Milan Frankie met 'n rissie – weer die rooi en skerp beeld en sy dra later 'n hoodie met Red Hot Chili Peppers daarop (bl. 47).

Op bl. 52 noem Ma dat daar 'n stensil van 'n rooi rot op Gloria se kafeedeur is.

Frankie en Milan dra rooi tekkies en Milan se Ibanez-baskitaar is kersierooi (bl. 131).

Ná Milan se ongeluk is die ambulans se lig rooi, soos dié van Mouille-punt se vuurtoring, wat met die dood van Ingrid Jonker verbind word (bl. 116).

Subteks, metateks en interteks

Die tema van hierdie roman is die liefdesverhaal van twee tieners, maar dit word onderlê deur 'n subteks van oorlog teenoor vrede/liefde.

- Ná hul eerste ontmoeting draai Milan om en stap stadig weg "soos iemand wat weet hy het 'n geveg gewen" (bl. 19).
- Ben van Luffelen "staan soos 'n oorlogsengel met 'n vlammende swaard in sy hand" (bl. 22).
- Milan se pa was 'n vlugteling van Russiese oorheersing en kommunistiese onderdrukking (bl. 35). Dit het van hom 'n ernstige jongmens en grootmens gemaak. Sy vrou het hom verlaat toe Milan 2 jaar oud was en dit het van hom 'n droewige man gemaak.
- Op bll. 42-47 word 'n handgranaat uit die Tweede Wêreldoorlog in oorlede tannie Laing se huisie gevind. Dit was in 'n wynvat in die kelder. 'n Wynvat suggereer dalk die Kaapse slawegeskiedenis en die gelykstelling daarvan met die onsinnige wêreldoorlog. (Die naam Laing herinner aan die bekende voorbeeld van politieke "geweld", naamlik Sandra Laing wat tydens die apartheidsjare die blanke skool moes verlaat omdat sy opsigtelik nie-blank was hoewel die res van haar gesin wit was.)
- Op bl. 48 redeneer Frankie en Milan oor of Ché Guevara 'n vryheidsvegter of 'n terroris was. Dit som die hele debat op oor wie in enige stryd reg of verkeerd is. Dit word nader geïllustreer op bll. 50-52 waar die Van Luffelens die "gevare" in die buurt bespreek: Ma vertel van 'n filmmaker wat 'n dwelmsmous is, bendelede wat die buurt binnekom en toenemende graffiti soos vredestekens op tannie Laing se huis en 'n rooi rot op Gloria se kafeedeur. Pa en Frankie onthou die tragiese transvestiet, Ice, met deernis en Frankie dink die graffiti is cool. Hierdie argument oor geweld skep onmin tussen Ma en Pa.
- Banksy se graffiti beeld hierdie subteks uit. Hy sê sommige mense werk vir die polisie om die wêreld 'n beter plek te maak en ander word straatkunstenaars om die wêreld 'n mooier plek te maak (bl. 21). Die selfhelpboek oor graffiti is op die rak onder "guerillakuns" (bl. 41). Banksy se kuns maak Frankie ongemaklik, maar sy geniet sy humor. Dit maak haar kop wakker en laat haar nuut kyk na haar buurt (bl. 22).
- Nes Banksy, haat Milan oorlog (bl. 49). Hy gebruik stensil-graffiti as liefdesboodskappe aan Frankie, bv. die aap met die rooi hart (bl. 40).

Die musiek en lirieke is 'n metateks in hierdie roman, want dit vertel "'n storie langs 'n storie".

Op bl. 19 sing Pink Floyd byvoorbeeld: “Mamma sal jou beskerm en ’n muur om jou bou” as waarskuwing nadat Frankie vir die eerste keer met Milan gepraat het en haar hart bokspring. Op bl. 32 sing Jimi Hendrix van “The start of something” wanneer sy oor Milan droom, ensovoorts.

Die sprokie as interteks

Verwysings na bekende tekste soos sprokies dien dikwels as ’n kortpad na ’n wyer verwysingsveld.

Frankie se kamer is op die boonste verdieping van ’n veelvlakkige huis hoog op ’n bult. Haar ma, die oorbeskermende Elena, sluit die hekke en deure saans om nege. Dit herinner aan die bekende sprokies van Raponsie wat deur die heks in ’n hoë toring opgesluit is en Doringrosie wat ’n eeu lank in die kasteeltoring geslaap het. Die foto van die kasteel van die hertogin van Brabant wat teen Ben se kantoormuur hang (bl. 12) versterk hierdie konnotasie, asook Pink Floyd se lied (bl. 19): *“Mama’s gonna keep you right here under her wing … of course Mama’s gonna help build the wall”*.

Volgens Cirlot se *Dictionary of Symbols* is die toringsimbool emblematies van die Maagd Maria. Op bl. 22 wonder Frankie: Waar sou iemand soos Banksy ’n madonna geskilder het? Volgens dieselfde bron is ’n toring ook simbolies van verandering, wat hier dui op die oorgang van dogtertjie na vrou (Frankie na Frouwke) en die ma se pogings om die transformasie so lank moontlik uit te stel.

Cirlot verwys egter ook na die filosoof Nietzsche wat gesê het hoe hoër die toring, hoe dieper die fondament – hier die vele verwysings na Frankie se streng opvoeding, goeie restaurantmaniere, ensovoorts.

In die sprokies moet die prins of held (gewoonlik drie) toetse of uitdagings slaag om die prinses te verower. Milan moet dieselfde doen en Frankie waarsku hom uit die staanspoor: “Dis bult-op” (bl. 16). Soos in ’n sprokie word hy nie goedsmoeds die huis binnegelaat nie, maar hy klouter tot by Frankie se venster, verf sy motto op hul motorhek en bind die magiese getal sewe rooi ballonne daaraan vas. Hierdie ballonne word deur Frankie die huis binnegeneem, daarna word Milan se pa binnegenooi. Milan se finale toets is of hy Frankie en die maand lange verhouding kan onthou ten spyte van sy beseerde brein – en wanneer hy dit regkry, verwag ons, via die sprokie, ’n gelukkige einde.

3. Vrae, aktiwiteite en aspekte vir bespreking

Afrikaanse en Engelse opsommings van die storielyn per hoofstuk

Hier onder volg ’n kort opsomming van die storielyn vir elke hoofstuk met ’n Engelse vertaling daarnaas. Indien verkies, kan leerders aangesê word om self opsommings te maak.

Aangesien die doel van letterkunde-onderrig nie is om die storielyn te memoriseer nie, kan dit netsowel aan hulle gegee word om dan tydens besprekings of in toetse byderhand te hê as ’n indeks vir maklike verwysing.

Indien verkies, kan die opsomming met die ooreenstemmende vrae per hoofstuk of vyf hoofstukke op werkskaarte uitgedruk en behandel word.

Hoofstuk 1 : Frankie (bl. 5-11) Die verteller, Frankie (afgelei van Frouwke) van Luffelen, sien laat op 'n Vrydagaand 'n swart kartonrot met gloeiende rooi oë op die vensterbank buite haar kamervenster. Sy hart is uitgeknip en sy stert 'n rooi bordkrytlyn wat afloop na die daktuin. Dit reën harder en die water laat die rot skeeftrek. Frankie neem dit met haar selfoon af. Die volgende oggend is Frankie, tot haar ouers se verbasing, vroeg op. Sy ontdek die rot se stert lei na 'n boek oor Banksy, 'n geheimsinnige Britse graffiti-kunstenaar met kultusstatus in kunskringe. Pa maak plaatkoekies vir ontbyt.	Late on a Friday night the narrator, Frankie (short for Frouwke) van Luffelen, notices a cardboard rat with glowing red eyes outside her bedroom window. Its heart is cut out and its tail is a red chalk line running down to the roof garden. While she watches, the rain distorts the cardboard. Frankie takes a picture of it on her cell phone. The next morning Frankie rises early, to the surprise of her parents,. She discovers a book on Banksy, a mysterious British graffiti artist, at the end of the rat's tail. Dad makes flapjacks for breakfast.
Hoofstuk 2 (Frankie) (bl. 12-19) Frankie ry skaatsplank na Gloria se hoekkafee om melk te koop. Ontmoet Milan, die mooi nuwe seun wat haar hart vinniger laat klop. Hy stap saam huis toe.	Frankie skateboards to Gloria's corner café to buy milk. She meets Milan, the handsome new boy who makes her heart beat faster. He walks her home.
Hoofstuk 3 (Frankie) (bl. 20 -31) Voor skool kyk Frankie na Banksy se boek. Pa neem haar skool toe op sy bromponie. Hulle is laat. Milan het Jana gevra waar Frankie is (bl. 26). Ná skool sien Frankie 'n ambulans by Gloria se kafee. Die omie van die ouetehuis word weggeneem en Milan belowe om sy papegaai (Pannevis) na die ouetehuis te neem (bl. 27) en Frankie stap saam. Daarna drink hulle warm sjokolade by Gloria (bl. 29) en gesels oor musiek en flieks. Milan sê hy hou van haar (bl. 31).	Before school Frankie studies Banksy's book. Her dad takes her to school on his scooter and she arrives late. She hears from her friend Jana that Milan had asked where she was (p. 26). After school she sees an ambulance at Gloria's café. The old man from the retirement home is taken away and Milan takes his parrot (Pannevis) to the old age home. Frankie goes with. Afterwards they drink hot chocolate at Gloria's café and talk about music and movies. Milan tells her that he likes her (p. 31).
Hoofstuk 4 (Milan) (bl. 32-37) Milan is die verteller in hierdie hoofstuk. Hy het die vorige aand aan Frankie gedink en vandag (Vrydag) sy musiekboek tuis vergeet. Ná sy baskitaarles ontmoet hy sy pa by 'n deli en gaan hulle saam huis toe (bl. 37).	Milan is the narrator in this chapter. He spent the night before thinking of Frankie. Today (Friday) he goes to his bass guitar lesson, but forgets to take his books. After the lesson he meets his dad in a deli and they go home together (p. 37).

Hoofstuk 5 (Frankie) (bl. 38-54) Ná skool sien Frankie 'n ry rooi voetspore op die sypaadjie voor die skool wat lei na 'n telefoonhokkie waarop 'n Banksy-aap met 'n bloedrooi 3D-hart op sy hand gestensil is (bl. 39). Frankie bêrekoop 'n selfhelpboek oor graffiti (bl. 41). Sy en haar ma gaan eet sushi en sien polisiemotors voor oorlede tannie Laing se huis in Clydesdalestraat. Later hoor sy daar is 'n handgranaat uit die Tweede Wêreldoorlog in 'n wynvat ontdek (bl. 46). Daardie aand sê Ma graffiti ontsier die buurt nou soos die bendes vroeër (bl. 51). Sy verwys na vredestekens, wit oë en 'n rooi rot (p52) en Frankie sê sy dink dit is cool. Laataand kry Frankie 'n selfoonoproep om na die posbus te gaan en later vind sy 'n DVD genaamd *Exit through the gift shop* (bl. 54).	After school Frankie sees a line of red footprints on the pavement leading to a telephone booth decorated with a Banksy monkey with a red 3D heart in his hand (p. 39). Frankie buys a do-it-yourself book on graffiti (p. 41). She and her mom then goes for a sushi meal. On their way back they see police cars at the house of the late Aunt Laing in Clydesdale Street. They later learn that a hand grenade from World War II was discovered in a wine barrel (p. 46). That evening Mom says graffiti spoils the neighbourhood like the gangs did before (p. 51). She refers to peace signs, white eyes and a red rat (p. 52), but Frankie says she thinks it is cool. Later that evening Frankie gets a cell phone call telling her to go to the mailbox, where she finds a DVD titled *Exit through the gift shop* (p. 54).
Hoofstuk 6 (Milan) (bl. 55-58) Milan loer ná skool by Gloria se hoekkafee in en dink oor haar goeie dade (bl. 56). Tuis maak hy stensils vir graffiti terwyl hy luister na Pink Floyd se "Mother".	After school Milan passes Gloria's café and remembers her kind deeds (p. 56). When he gets home, he makes graffiti stencils while listening to Pink Floyd's "Mother".
Hoofstuk 7 (Frankie) (bl. 59 -63) Frankie werk oor die naweek by haar pa se kookskool om sakgeld te verdien (bl. 59). Ma gaan vir twee dae na 'n Boeddhiste-oord op McGregor. Later glip Frankie uit om die woord "Milan" op die kookskool se agterste muur te spuitverf (bl. 63).	To earn pocket money Frankie helps her dad in his cooking school during the weekend (p. 59). Later she slips out and spray-paints the word "Milan" on the back wall of the cooking school (p. 63).
Hoofstuk 8 (Milan) (bl. 64-68) Milan het in die Waterfront gaan fliek en wag om halftwaalf op sy pa om hom te kom haal (bl. 64). Mirna Myers kom staan styf teen hom en terg hom soos 'n kat 'n muis. Mirna soen hom innig totsiens. Tuis gaan hy kamer toe en sy pa bring vir hom Milo (bl. 66). Hy sny 'n stensil van 'n mond uit 'n X-straalplaal en toe sy pa slaap, glip hy uit en spuitverf posbusrooi monde op soveel stilhoutekens hy in 'n kwartier kan (bl. 68).	After watching a movie at the Waterfront Milan waits to be fetched by his dad (p. 64). Mirna Myers pushes herself up against him and flirts with him like a cat with a mouse. She kisses him passionately as she leaves. Back home Milan goes to his room and his dad brings him Milo (p. 66). He then cuts a stencil of a mouth from an X-ray sheet. Later, while his dad sleeps, he slips out and spray paints as many letterbox red mouths on stop signs as he can manage in 15 minutes (p. 68).

Hoofstuk 9 (Frankie) (bl. 69-74) Elena keer minder gespanne terug van Boeddhiste-oord. Gesin gaan uiteet om terugkoms te vier. Frankie skaam haar vir verliefde pa (bl. 70). Frankie kry 'n SMS van Milan en sien hy sit saam met sy pa in dieselfde restaurant (bl. 73). Hulle loer vurig vir mekaar (bl. 74).	Elena returns rested from the Buddhist retreat and the family goes to a restaurant to celebrate her return. Frankie is embarrassed by her dad being so obviously in love with her mom. Frankie gets an SMS from Milan and sees him sitting with his dad in the same restaurant (p. 73). They exchange brooding looks (p. 74).
Hoofstuk 10 (Milan) (bl. 75-76) Maandag het Milan Mirna vermy, maar vandag is filmklub. Tarantino vertel van filmflaters en hulle moet 'n humoristiese dialoog daaroor skryf (bl. 76). Toe Taratino die klas verlaat, kom sit Mirna op Milan se tafel en sê hy moet haar laat weet as hy wil speel (bl. 76).	Milan avoids Mirna on Monday, but has to face her in film club on Tuesday. Tarantino entertains them on movie blunders and they have to write a humorous dialogue about it (p. 76). When Taratina leaves the room, Mirna perches on Milan's table and tell him to let her know when he wants to play (p. 76).
Hoofstuk 11 (Frankie) (bl. 77-79) Die groep is geskok stil ná Mirna uitstap. Frankie is ontsteld en maak asof sy haar notas lees (bl. 77). Sy stap huilend met 'n ompad huis toe om Milan, nou Die Vent, te vermy en antwoord nie haar selfoon toe hy 'n SMS stuur nie (bl. 78).	The group sits in shocked silence after Mirna left. Frankie is upset and tries to read her notes (p. 77). She walks home crying and takes the longer way to avoid meeting Milan, whom se now calls The Guy. When he sends her an SMS she does not reply (p. 78).
Hoofstuk 12 (Milan) (bl. 80-84) Ná skool gaan eet Milan by Gloria se Hoekkafee. Hy kry 'n idee en haal 'n Zola-taxi na die Party Corner in die hoofstraat (bl. 84).	After school Milan eats lunch at Gloria's corner café. He gets an idea and catches a Zola taxi to the Party Corner in Main Street (p. 84).
Hoofstuk 13 (Frankie) (bl. 85-90) Frankie gaan reguit kamer toe en luister musiek terwyl sy doodle (bl. 85). Later gaan groet sy haar ma en bied aan om groentee te maak. Ma sê sy is 'n engel, maar Frankie dink sy is eintlik 'n anargis en 'n boef (bl. 87). Sy stel voor dat haar ouers gaan uiteet en bly alleen tuis. Sy kyk die Banksy-DVD oor straatkuns (bl. 88) en google die kunstenaars. Later maak sy Milo en droom sy is die meisie in die Banksy-stensil wat haar hand uitsteek na 'n rooi hart aan 'n ballon (bl. 90).	Frankie goes straight to her room and listens to music while doodling (p. 85). Later she says hello to her mom and offers to make her some green tea. Elena says she is an angel, but Frankie thinks she is actually an anarchist and scoundrel (p. 87). She suggests that her parents go out for dinner and stays home alone. She watches the Banksy DVD on street art (p. 88) and googles street artists. Later she makes herself some Milo and dreams of being the little girl in Banksy's stencil who reaches out to a red heart dangling from a balloon (p. 90).

Hoofstuk 14 Milan (bl. 91-95) Milan slaap min, want hy het 'n Beatles-aanhaling in wit letters op Frankie-hulle se grys meterboks gestensil en sewe rooi ballonne aan hulle motorhek vasgemaak. Hy oortuig sy pa hy het 'n maagkwaal en bly tuis. Hy dink aan sy afwesige ma en hoe hy sy enigste foto van hom en haar van sy kasdeur afgepluk het toe hy 14 was (bl. 92) en dit teen 'n boom voor die kunsgalery vasgekram het (bl. 94). Ná drie dae was die foto weg. Dit het hom die gevoel van afwagting en opwinding van straatkuns geleer (bl. 94).	Milan slept very little because he stencilled a quote from The Beatles in white letters on the Van Luffelens' grey meter box and tied seven red balloons to the gate. He convinces his dad that he has a tummy bug and stays at home. He remembers his absent mother and how he stapled his only photo of him and her to a tree when he was fourteen (p. 92). After three days the photo was gone, but he had learnt the feeling of expectation and excitement so typical of street art (p. 94).
Hoofstuk 15 (Frankie) (bl. 96-101) Saterdagoggend word Frankie wakker van haar pa se uitroep oor rooi ballonne. Sy sien die woorde "All I Need is Love" op die meterboks en besef Milan is die Groenpunt-graffitikunstenaar (bl. 97). Sy sien nou gevalle van graffitikunstenaars raak en veral die Japannees se saadbomme. (bl. 98-101). Sy skryf die saadbomresep af en steek dit in haar bedkassie weg.	On Saturday Frankie is woken by her dad's exclamations about red balloons. She reads the words "All I Need is Love" on the meter box and realises that Milan is the Green Point graffiti artist (p. 97). She now notices cases of graffiti artists, especially the Japanese's seed bombs (p. 98-101). She copies down the recipe and hides it in her bedside cupboard.
Hoofstuk 16 (Milan) (bl. 102-103) Waarskynlik Saterdag. Dit is mooiweer en toeristeseisoen. Milan staan vroeg op om op 'n promosiefiets vir eiendomsagente te ry. Hy doen model- en promosiewerk vir sakgeld (bl. 102). Sy pa is Wynberg toe vir 'n judo-toernooi, dus haal Milan 'n taxi na Giovanni's waar die fiets wag. Hy moet tussen die Seepunt-swembad en die ingang na die Waterfront ry. Die geel fiets het 'n groot oranje driehoekige aluminium-advertensiebord agterop (bl. 103) wat dit gevaarlik maak as die wind waai, maar dit is windstil.	Probably a Saturday. It is a clear day and tourist season. Milan rises early to ride a promotional bicycle for estate agents. He earns pocket money by doing modelling and promotional work. His dad has gone to Wynberg for a judo tournament so he takes a taxi to Giovanni's where the bicycle waits. He has to ride between the Sea Point swimming pool and the entrance to the Waterfront. The yellow bicycle has a big orange triangular promotional board made of aluminium behind it, which makes it dangerous to ride in strong wind. However, there is no wind today.

Hoofstuk 17 Frankie (bl. 104-108) Frankie maak roereiers vir ontbyt. Ma vis of sy weet wie die ballonne en graffiti gedoen het. Pa gasspreker by voedsel-en-wynfees (bl. 104). Jana bel en hulle spreek af vir roomys in Mouillepunt en 'n fliek by die Waterfront. Sy knip die ballonne af. Frankie sê vir Elena sy gaan fliek en wonder skuldig wanneer sy opgehou het om toestemming te vra (bl. 107).	Frankie makes scrambled eggs for breakfast. Mom tries to establish if she knows who sprayed the graffiti on the meter box. Dad is the guest speaker at a food and wine festival (p. 104). Jana calls and they agree to go for an ice cream at Mouille Point and a movie at the Waterfront. She removes the balloons from the gate. She then tells her mom that she is going to the movies and feels guilty for not asking permission anymore (p. 107).
Hoofstuk 18 (Milan) (bl. 109-111) Milan ry op die promo-fiets en plaas die verbygangers in vier kategorieë: die Bedreigdes, die Bende, die Ondersteuners en die Vennote (bl. 109-110). Hy sien Frankie en Jana uit 'n motor klim om roomys te koop (bl. 110). Milan jaag op die fiets om nie gesien te word nie, maar by die ingang van die Radisson-hotel beland hy in 'n ongeluk (bl. 111).	As Milan rides the promotional bicycle, he observes the passers-by and puts them in four categories: the Threatened, the Gang, the Supporters and the Partners (p. 109-110). He sees Frankie and Jana as they get out of the car to buy ice cream (p. 110) and races off to not be seen by them. But at the entrance to the Radisson Hotel, he is involved in an accident (p. 111).
Hoofstuk 19 (Frankie) (bl. 112-117) Frankie is in haar kamer. Sy en Jana het die taxi-ongeluk gesien gebeur (bl. 112) en sy het haar naar gehuil. Sy onthou die ongeluk en dink aan al die dinge wat sy nog vir Milan wou sê en met hom wou deel (bl. 113-115). Twee taxi's het gebots en Milan en sy promosie-fiets is teen die muur van die Radisson-hotelingang geslinger. Jana se pa het hulle kom haal en drie ambulansmanne het Milan op 'n draagbaar gelaai (bl. 116). Sy kop was vol bloed. Sy het nie nader gegaan nie sodat dit soos 'n snit uit 'n film gevoel het – ironies, siende dat hulle sou gaan fliek toe die ongeluk gebeur het.	Frankie is in her bedroom. She and Jana saw the accident happening (p. 112) and she is nauseous from crying. She remembers the accident and thinks about everything she still wanted to share with Milan and say to him (p. 113-115). Two taxis had collided and flung Milan and the bicycle against the entrance wall of the Radisson. Jana's dad fetched them and three paramedics put Milan on a stretcher (p. 116). His head was covered in blood. She didn't go closer so as to make it seem like a scene from a movie – quite ironic, as she and Jana were on their way to the movies when the accident happened.

Hoofstuk 20 (Frankie) (bl. 118-122) Frankie gaan eers Woensdag weer skool toe, waar sy hoor Milan is in die Mediclinic Tuine met kritieke kopbeserings (bl. 118). Jana en Milan se pa is nie by die skool nie. Ná skool besoek sy Gloria, wat sê Milan se pa was daar om die sleutel af te gee sodat sy Fellini kan kosgee (bl. 119). Hy bly dag en nag by die hospitaal en dit is onseker of Milan breinskade opgedoen het (bl. 120). Gloria gee haar die sleutels om Fellini te gaan voer en sê sy moet haar ma vra om haar na Milan te neem (bl. 121). By sy kothuis draai sy om toe sy die kat hoor miaau asof hy Milan net soveel soos sy mis (bl. 122).	Frankie returns to school on Wednesday to hear that Milan is in a critical condition in the Gardens Mediclinic (p. 118). His dad and Jana are not at school. After school Frankie visits Gloria, who tells her that Milan's dad had dropped off the house keys for her to feed Fellini (p. 119). He spends day and night at the hospital and they do not know yet whether Milan has suffered brain damage (p. 120). Gloria hands her the keys to feed Fellini and says she should ask her mother to take her to Milan (p. 121). At Milan's cottage she turns away when she hears Fellini cry as if he misses Milan just as much as she does (p. 122).
Hoofstuk 21 (Frankie) (bl. 123-126) Frankie is in haar kamer. Sy raak aan die slaap met die Banksy-boek in haar arms (bl. 123). Wanneer sy wakker word, het haar ma die deur gesluit en 'n duvet oor haar gegooi. Sy het sedert die ongeluk nie met Jana gepraat nie. Sy ontdek 'n brief van haar ma op haar rekenaar wat haar uitnooi om te praat (bl. 124). Sy het gedroom dat sy van Milan weggevoer word deur sewe ballonne (bl. 125). In die kombuis omhels haar ma haar en sy bedank haar vir die brief. Ma sluit vir haar die deur oop om na Milan se kothuis te gaan (bl. 126).	Frankie is in her room. She falls asleep with the Banksy book in her arms (p. 123). When she wakes up, her mom had locked the door en covered her with a duvet. Since the accident, Frankie had not spoken to Jana. She discovers a letter on her computer – a letter from her mom, inviting her to talk (p. 124). She dreamt that she was carried away from Milan by seven red balloons (p. 125). In the kitchen her mom embraces her and she thanks her mom for the letter. Mom unlocks the door for her to go to Milan's house to feed his cat (p. 126).
Hoofstuk 22 (Frankie) (bl. 127-133) By Milan se huis sien sy Fellini het net drie bene. Sy skouerknoppe steek deur sy swart pels (bl. 129) soos Milan s'n deur sy swart trui in die restaurant. Dis halfsewe en winterdonker (bl. 130). Sy voer die kat en gaan kyk dan na Milan se kamer en badkamer. Dit is pynlik netjies met ou plate, DVD's en kitare (bl. 131-132). In sy bedkassie vind sy 'n Kubaanse sigaretdosie met die X-straalplaatstensil van haar naam daarin (bl. 133). Haar ma SMS dat haar pa haar by Gloria se hoekkafee sal kom haal en dit laat haar getroos en opgepas voel (bl. 133).	At Milan's house Frankie discovers that Fellini has only three legs. Also his shoulder blades sticking through his black coat reminds her of Milan's sticking out under his black jersey. It is 18h30 and winter-dark (p. 130). She feeds the cat and goes to see Milan's room and bathroom. It is very neat with old records, DVDs and guitars (p. 131-132). In his bedside cabinet she finds a Cuban cigarette box with the X-ray stencil of her name (p. 133). Her mom phones her to say her dad will take her to the hospital in the morning and it makes her feel comforted and looked after (p. 133).

Hoofstuk 23 (Frankie) (bl. 134-139) Frankie gaan na Gloria se hoekkafee. Gloria vertel haar van Milan se musieksmaak (bl. 135) en Frankie hardloop huis toe. Sy kom tuis net toe Pa op sy Vespa tuiskom. Hy maak kos en Frankie dek 'n tafel voor die kaggel en sit en dink aan Milan (bl. 137). Sy vra haar pa om haar na Milan te neem (bl. 138). Terwyl hulle eet en gesels, bel Gloria (bl. 139) om te sê Milan se pa het gevra dat Frankie hospitaal toe gaan en Pa neem haar daarheen (bl. 139).	Frankie goes to Gloria's café. Gloria tells her about Milan's taste in music (p. 135) and Frankie runs home. Dad cooks supper and she sits at the fireplace and remembers Milan (p. 137). She asks her dad to take her to hospital (p. 138). During supper Gloria phones to say Milan's dad has asked her to come and her dad takes her to hospital (p. 139).
Hoofstuk 24 (Frankie) (bl. 140-146) Frankie gaan na die intensiewesorgeenheid terwyl haar pa by Ontvangs vir haar wag. Sy is geskok toe sy Milan sien (bl. 141). Hy probeer die stuurstofpyp uit sy mond trek en die suster stuur hulle uit. Sy en Milan se pa gaan na die kafeteria, waar die dokter kom sê hulle het Milan weer verdoof en hul kan nog nie die skade aan sy brein bepaal nie (bl. 142). Frankie en Ben ry in die reën huis toe. Sy bel Jana en dié beskuldig haar daarvan dat sy haar die afgelope maand uit haar lewe gesny het (bl. 144). Frankie maak verskoning en Jana sê sy gaan die volgende dag Bali toe.	Frankie goes to Intensive Care while her dad waits for her at reception. She is shocked when she sees Milan (p. 141). He fidgets with the oxygen pipe, so the nurse sends them out. She and Milan's dad go to the cafeteria, where the doctor tells them that they had to sedate Milan again and cannot yet establish whether he has suffered any brain damage (p. 142). Frankie and Ben drives home in the rain. She phones Jana, who blames her for neglecting her for the past month (p. 144). Frankie apologises and Jana tells her that she is leaving for Bali the next day.
Hoofstuk 25 (Frankie) (bl. 147-150) Frankie word wakker, stort en maak dan 'n kaartjie met 'n foto van die meterboks-stensil en sewe ballonne daarop (bl. 147). In die kombuis is 'n briefie van Ma wat sê haar pa sal haar net voor tien hospitaal toe neem. Sy gaan voer eers Milan se kat. Frankie haal Milan se swart trui uit sy kas en sit dit op sy bed met Fellini bo-op (bl. 150).	Frankie gets out of bed, showers and then makes a card with a photograph of the meter box stencil and seven balloons (p. 147). In the kitchen she finds a note form her mom to say that Ben will take her to hospital just before ten. She first goes to Milan's house to feed Fellini. There she takes his black jersey from his wardrobe, puts it on his bed and then settles the cat on it (p. 150).
Hoofstuk 26 (Frankie) (bl. 151-154) Frankie se pa neem haar hospitaal toe. Sy skrik vir 'n ambulans wat verbyjaag. Milan is half by sy bewussyn. Hy druk die suster se hand om te wys hy herken sy pa, maar knip sy oë om te wys hy weet nie wie hy is nie en herken Frankie nie (bl.154).	Ben takes Frankie to the hospital. She cringes when she hears an ambulance passing. Milan is half conscious. He squeezes the nurse's hand to indicate that he recognises his dad, but blinks his eyes to show he does not know who he or Frankie is (p. 154).

Hoofstuk 27 (Frankie) (bl. 155-158) Frankie ry huis toe en dink hoe niks van die afgelope maand in Milan se brein agtergebly het nie (bl. 155). Tuis sluit sy haar kamerdeur en klim met skoene en al onder die duvet in. Om drieuur bring haar ma vir haar 'n skinkbord met al die ontoelaatbare kos en 'n rooi hibiskus. Dan begin Frankie huil en vertel haar ma alles, behalwe van haar stensil-rot (bl. 157).	Driving home, Frankie ponders how nothing of the past month remains in Milan's memory (p. 155). She gets home, locks her door and gets under the duvet with her shoes on. At three o' clock her mother brings her a tray with all the forbidden food and a red hibiscus. Frankie starts to cry and tells her mom everything, except about the stencilled rat (p. 157).
Hoofstuk 28 (Frankie) (bl. 159-161) Ná agt kom Milan se pa na Frankie se huis. Ma het die kaggel aangesteek en bied hom rooiwyn aan (bl. 159). Hy sê dat Milan retrograde amnesie het en terugwerkend sal begin onthou (bl. 160). Hy gee Frankie Belgiese sjokolade van Fellini om dankie te sê dat sy hom gevoer het.	Milan's dad arrives after eight. Mom lights the fire and offers him some red wine (p. 159). He says Milan has retrograde amnesia and will regain his memory in reverse (p. 160). He presents Frankie with Belgian chocolates from Fellini for feeding him.
Hoofstuk 29 (Frankie) (bl. 162-167) Frankie word wakker ná 'n snaakse droom waarin sy 'n rot was (bl. 162). Sy neem foto's van nege van Milan se stensils in die buurt asook hare by die kookskool en gaan koop die boek oor selfhelp-graffiti.	Frankie awakes after a peculiar dream in which she was a rat (p. 162). She photographs nine of Milan's stencils in the neighbourhood as well as hers at the cooking school and then goes to buy the instruction book on graffiti.
Hoofstuk 30 (Frankie) (p168-169) Daardie aand maak Frankie saadbomme in haar kamer. Dan maak sy 'n album met die nege foto's in en draai die selfhelp-graffiti-boek in geskenkpapier toe met Milan se swart rot as versiering. Eers laatnag raak sy aan die slaap.	That evening Frankie makes seed bombs in her room. She then makes an album with the nine photos and wraps the graffiti book and decorates it with Milan's black rat. She only falls asleep in the early hours.

Hoofstuk 31 (Frankie) (bl. 170-173) Dit is 'n week ná die ongeluk. Ma Elena neem Frankie om tienuur hospitaal toe en gaan stap in De Waalpark oorkant die hospitaal terwyl Frankie vir Milan gaan besoek. In die hospitaalportaal sit Mirna Myers (bl. 170). Sy sê sy wag vir haar pa, 'n chirurg, en het by Milan ingeloer. Milan is beter. Hy slaap en sy pa sê Frankie kan daar bly terwyl hy gaan stort en iets eet (bl. 172). Hy gee vir haar die kaartjie wat sy vir Milan gemaak het. Milan het in die spraakborrel geskryf: "Hallo, Frankie" (bl. 173). Sy besef hy onthou haar nou en sy hoef nie daar te bly nie. Sy skryf agterop: "Ek was hier", los dit op sy bedkassie en stap uit.	A week has passed since the accident. At ten Elena drops Frankie at the hospital and goes for a walk in De Waal Park while Frankie visits Milan. In the hospital foyer Frankie meets Mirna Myers (p. 170). Mirna is waiting for her father, a surgeon, and had seen Milan. Milan is recovering. He is asleep and his dad says Frankie may stay with him while he has a shower and finds something to eat (p. 172). He hands her the card she made and she sees Milan added the following message in the speech bubble: "Hello, Frankie" (p. 173). She realises that he now remembers her and she doesn't have to stay. On the back she writes "I was here", puts it next to his bed and leaves.

4. Vrae en voorgestelde aktiwiteite per vyf hoofsukke

Die volgende vrae en aktiwiteite is riglyne vir bespreking en denke. Dit kan na gelang van die groep se intellektuele vermoëns, beskikbare tyd en voorkeur na hartelus aangepas en aangewend word.

Hoofstuk 1 - 5

Vrae

1. Op bl. 5 lees ons van die kartonrot met 'n uitgesnyde hart. Op bl. 39 sien ons 'n swart Banksy-aap met 'n rooi 3D-hart op sy hand. Watter boodskap word hiermee uitgebeeld?
2. Wie dink jy sit agter hierdie stensils en hoekom dink jy so?
3. Dink jy Frankie weet wie die stensils maak?
4. Hoekom, dink jy, gloei die rot se oë rooi en wat is die moontlike betekenis van die diefwering waardeur Frankie dit probeer bykom (bl. 5)?
5. Op bl. 7 dink Frankie: "Aan die punt van daai stert wag daar iets vir my. Ek weet dit. 'n Boodskap? 'n Waarskuwing? 'n Verrassing?" Watter een was dit toe?
6. Op bl. 9 lees ons dat Elena haar liefde op 'n vreemde manier wys. Hoe wys sy haar liefde vir Frankie?
7. Watter ooreenkomste en verskille is daar tussen Frankie en Milan se ouers?
8. Watter belangstellings het Milan en Frankie gemeen?
9. Ben lyk soos "Shrek op 'n BMX". Watter stylfiguur/beeldspraak word hier gebruik en watter effek het dit?
10. Op bl. 25 sê Jana: "Hy kan toe al die tyd praat." Wat bedoel sy?
11. Die papegaai se naam is Pannevis. Na wie is hy vernoem?
12. Milan se kat heet Fellini. Na wie is hy vernoem?
13. Milan se pa was 'n vlugteling van geweld, maar ook 'n swartbelt-judoafrigter. Wat sê dit van hom?
14. Ma is soos 'n Duracell-hasie. Wat word daarmee bedoel?

Aktiwiteite

1. Kyk na 'n kaart van Groenpunt en merk daarop: Braeside 10, Clydesdalestraat, Hoofweg, Giovanni's en die skool. Gee nou duidelike aanwysings vanaf die een na die ander plekke.
2. Doen navorsing op die internet oor die misdaad in Groen- en Seepunt, asook die rotteplaag wat periodiek daar heers. Skryf dan 'n koerantberig daaroor en vergelyk dit met die nuwe "plaag" van graffiti.
3. Vind 'n resep vir Ben se plaatkoekies en beskryf dan op TV hoe om dit te bak. Eksperimenteer met interessante variasies en vulsels.
4. Maak 'n graffiti-stensil wat 'n minder bekende aspek van jou persoonlikheid uitbeeld. Plak al die klasgroep se stensils teen die skryfbord of muur en laat die ander raai wat elke stensil "sê".
5. Soek prente en foto's wat lyk soos elke karakter in jou geestesoog lyk. Rangskik hulle dan om die etenstafel en skep 'n gesprek met spraakborrels.
6. Frankie is dikwels laat vir skool. Skryf die dialoog tussen haar en haar klasonderwyser neer of voer die gesprek tussen Ben en die skoolhoof op.
7. Frankie kry 'n warm gevoel op haar maag toe Milan aanbied om die dowe omie se papegaai ouetehuis toe te neem. Oorweeg die moontlike simboliese betekenis van die papegaai wat sy vlerke oopmaak, maar dan net sy pote versit (bl. 27) en skryf dan Frankie se dagboekinskrywing daaroor.
8. Op bl. 30 sê Milan Frankie moet na sy baskitaar kom kyk en voeg by: "Of is dit 'n vaal pick-up line?". Bespreek goeie en swak "pick-up lines" en maak voorstelle van wat hy dalk eerder kon sê om haar belangstelling te wek.
9. Op bl. 32-33 onthou Milan hoe hy Frankie die eerste keer gesien het. Skryf 'n liedjie hieroor wat hy moontlik sou komponeer.
10. Op bl. 48 kom die kwessie van Ché Guevara as vryheidsvegter of terroris ter sprake. Bespreek dit krities. Kyk ook Milan se spottende skimp hierna wanneer hy verwys na die restaurant Cape to Cuba waar die kelners Ché-barette dra. Oorweeg onder andere hoekom net een foto van hom altyd gesien word en of hy 'n populêre ikoon sou wees indien hy minder aantreklik was.

Hoofstuk 6 – 10

Vrae

1. Terwyl Milan graffiti-stensils maak (bl. 58), luister hy na Pink Floyd se "Mother". Na watter bom verwys die liedjie en hoe is dit op Milan van toepassing?
2. Milan wonder of Frankie al die DVD gekyk het. Watter DVD is dit en hoekom wil hy hê sy moet dit sien?
3. Gloria vermaak die oumense elke Woensdagaand (bl. 56) met klavierspel, kerse en Coke met alkohol. Hoe skakel dit met die beskrywing van haar as Queen of Hearts in *Alice in Wonderland* (bl. 55)?
4. Milan sê die inhoud van sy kunslêer lyk soos dié van 'n professionele reeksmoordenaar (bl. 57). Watter ooreenkoms is daar tussen 'n graffiti-kunstenaar en 'n reeksmoordenaar?
5. Op bl. 61 lees ons Pa lag soos 'n mishoring. Verduidelik wat 'n mishoring is en hoe dit klink.
6. Hoekom, dink jy, spuitverf Frankie Milan se naam agterop haar pa se kookskoolmuur?
7. Die verf van Milan se naam is vir Frankie 'n inisiasie-ritueel. Verduidelik hierdie stelling en verwys ook na Ma se woorde: "Die gasse in spuitverf breek 'n mens se immuniteit af" (bl. 99).
8. Aan wie dink Milan terwyl hy luister na Pink Floyd se lirieke wat lui: *Mother, do you think she's dangerous for me?* Wat noem ons so 'n gevaarlike vrou of meisie?

9. Op bl. 71 lees ons dat Frankie 'n Coke bestel om haar ma te treiter en tjips om haar pa te straf. Wat beteken dit?
10. Die restaurant voel skielik vir Frankie soos 'n skaakbord (bl. 73). Waarom is dié vergelyking hier gepas?

Aktiwiteite

1. Gloria hou Woensdae Happy Hour. Maak 'n plakkaat of uitnodiging hiervoor.
2. Gloria het die kafee by 'n ou tannie geërf (bl. 56). Stel die tannie se testament op.
3. In die filmklub gesels hulle oor filmflaters. Vertel van so 'n flater wat jy al gesien het.
4. Skryf Frankie se dagboekinskrywing ná die episode tussen Mirna en Milan in die filmklub.
5. Skryf Mirna se Facebook-inskrywing oor Milan en hoe sy oor hom voel.
6. Doen navorsing oor een van die straatkunstenaars genoem op bl. 99-100 en lewer 'n inligtingspraatjie met visuele materiaal (PowerPoint) daaroor.
7. Maak 'n verskeidenheid saadballe volgens die resep op bl. 100-101, strooi dit naby die skool of jou huis en neem foto's daarvan wanneer dit blom. Maak dan 'n plakkaat met verduidelikende teks daaroor.

Hoofstuk 16-20

Vrae

1. Wat bedoel Milan as hy dink: Intussen wil ek graag glo dat sy twee en twee bymekaar sal sit (bl. 103)?
2. Noem die dinge wat aandui dat Ma probeer verstaan wat met Frankie aan die gebeur is.
3. Noem twee dinge wat aandui dat Ma aanvaar dat Frankie besig is om groot te word.
4. Hoekom spring Frankie weg van die meterboks toe Jana en haar pa aankom?
5. Wie is Ingrid Jonker (bl. 114) en hoekom word sy hier saam met die sjokoladebruin seiljag genoem?
6. Wat is die verband tussen Imogen Heap se "Just run with me through the rows of speeding cars" (bl. 115) en die gesig wat Frankie in haar gedagtes teken (bl. 117)?
7. Milan se SMS, *Kyk uit vir my*, kry met die ongeluk nuwe betekenis. Verduidelik hierdie stelling.
8. Hoekom is Gloria se hare kort teen haar kop afgeskeer (bl. 119)?
9. Wat bedoel Gloria as sy sê "Try hulle, Frankie." (bl. 121)?
10. Wat bedoel Frankie met "Die kat het dieselfde bang as ek" (bl. 112)?

Aktiwiteite

1. Ontwerp die promosiebord vir die fiets waarop Milan moet ry (bl. 102).
2. Ma reken die graffiti op die meterboks is vandalisme, maar Pa vind dit opwindend (bl. 104). Hou 'n klasdebat oor hierdie botsende menings.
3. Skryf die dialoog neer wanneer Frankie wel vir Jana van die graffiti en ballonne vertel.
4. Skryf namens die graadtienklas 'n beterskapkaartjie aan Milan.
5. Ontwerp 'n voorblad vir die CD wat Daniel vir Frankie saamgestel het (bl. 119) en noem vyf snitte wat hy daarop gesit het om haar te troos. Gee die toepaslike aanhalings uit die liedjies waar moontlik.

Hoofstuk 21-25

Vrae

1. Wat beteken Frankie se droom van die dogtertjie wat wegsweef (bl. 125)?
2. Hoekom ruk Frankie se maag as sy die serp om haar ma se kop sien?
3. Bespreek die simboliese waarde van Ma wat vir Frankie die deur oopsluit en Frankie wat die veiligheidshek agter haar toetrek (bl. 126).
4. Hoekom krimp Frankie se hart as sy sien Fellini het net drie bene (bl. 127)?
5. Watter van Fellini se bene makeer en hoe weet jy dit?
6. Bespreek die moontlike simboliek in die foto van die onbekende man (bl. 128).
7. Hoekom neem Frankie 'n paar swart sokkies uit Milan se kas en hoekom steek sy dit weg (bl. 133)?
8. Hoekom is Frankie nou skielik vir haar ouers 'n vreemdeling (bl. 138)?
9. Hoekom, dink jy, is Frankie se ouers so simpatiek teenoor haar hartseer?
10. Watter nuwe betekenis kry die graffiti *All you need is love* nou vir Frankie?

Aktiwiteite

1. Teken 'n plan met etikette van Milan se kamer en sê wat elke item van hom sê.
2. Skryf die dialoog tussen Frankie se ouers en gebruik gepaste byvoeglike naamwoorde om hul besorgdheid uit te druk.
3. Wat het van die taxi-bestuurders geword wat die ongeluk veroorsaak het? Hou 'n hofsaak waarin hulle van roekelose bestuur en ander misdade aangekla word.
4. Watter item in jou kamer sal 'n vriend as aandenking aan jou neem? Verduidelik waarom. Sê ook wat jy dink Frankie met die sokkies en jou vriend met jou item sal doen.

Hoofstuk 26-31

Vrae

1. Hoekom noem Frankie die kos wat haar ma vir haar op 'n skinkbord bring 'n "offerande" (bl. 157)?
2. Elena ken party van die straatkunstenaars van wie Frankie haar vertel. Aan watter woorde van Gloria herinner dit ons?
3. Wat is "Koeitjies en kalfies" (bl. 159)?
4. Gee die Afrikaanse woord vir "amnesia".
5. Die titel van die Banksy-boek is *Banging your head against a brick wall*. Is dit "gepas" soos Frankie dink (bl. 169) of ironies?
6. Het die ongeluk Frankie en haar ma nader aan mekaar gebring?
7. Wat is die implikasie van Milan se woorde op die kaartjie (bl. 173)?
8. Wat bedoel Frankie as sy sê: "Die taal wat ons met mekaar leer praat het, is anders" (bl. 173)?

Aktiwiteite

1. Maak 'n fotoalbum soos Frankie s'n oor 'n verhouding of oor die afgelope maand in jou lewe.
2. Ontwerp 'n nuwe voorblad vir hierdie roman. Kies belangrike elemente uit die verhaal en gebruik dit in jou voorbladontwerp.
3. Skryf 'n brief van Frankie aan haar ouers om te sê hoeveel sy hul ondersteuning waardeer.
4. Is dit waar dat Afrikaanse boeke en rolprente nie sonder 'n hospitaaltoneel kan wees nie?

Bespreek hierdie stelling krities en gee voorbeelde.
5. Skryf 'n draaiboek oor die hospitaaltonele uit die boek en verfilm dit of voer dit op.
6. Skryf 'n resensie oor die boek. Moenie die verhaal oorvertel nie. Gee net 'n kort bespreking sonder om die slot te verklap en sê veral of dit geskik is vir die teikenlesers.
7. Skryf 'n alternatiewe slottoneel vir die verhaal.
8. Kopieer die voorblad en verander die kleure na rooi en swart. Vergelyk die twee voorblaaie en bespreek die simboliek van die kleure.

Antwoorde

Die omslag

1. Sy dra tipiese tienerdrag – jeans met óf verf óf ontwerperskeure en 'n standaard- donker T-hemp. Die tekkies lyk duur. Die armbande is waarskynlik mode-bandjies en nié juweliersware nie. Haar hare en klere lyk goedversorg en taamlik duur. Haar regtervoet is gepunt asof sy 'n danser kan wees. Die linkervoet is na binne gedraai, wat effens weerloos lyk. Haar linkerarm is gespanne. Haar rug is regop – alles in ag genome, lyk sy taamlik selfbewus.
2. Ons sien nie haar oë nie en kan dus nie "lees" wat sy dink nie. Dit gee aan die foto universele betekenis – m.a.w. dit kan enige jongmeisie wees.
3. Die kleure is redelik donker en dit lyk asof die muur agter haar belig is. Volgens Cirlot (J.E., *A Dictionary of symbols*) is groen die kleur van die natuur en Venus (godin van liefde), maar dit simboliseer ook dood, woede, simpatie en aanpasbaarheid.
4. Pers verteenwoordig nostalgie, herinneringe, mag, spiritualiteit en die onderbewuste. Dit is ook 'n modekleur waarvan moderne tieners hou. Die lettertipe is vryhand en informeel-jeugdig. Die gebrek aan hoofletters en punktuasie ondersteun die idee van tydelikheid, dalk haastige graffiti, of onvoltooidheid. (Vergelyk die skryfwyse later met dié van die slotsin op bl. 173.)
5. 'n Foto skep die indruk van realiteit, realisme, die werklikheid – teenoor die fantasie of fiktiewe indruk van 'n kunswerk.

Die opdrag

By die bedankings agterin die boek word Sabina bedank vir haar sketse en musiekwêreld waarin sy die outeur toegelaat het.

Onder die opdrag lees ons die kopiereg op die illustrasies behoort aan Sabina van Rooyen. Nanette van Rooyen het inderdaad 'n dogter genaamd Sabina wat in 2012, toe die roman verskyn het, in graad tien was.

Plek	Tyd	Atmosfeer
Frankie woon by Braeside 10, Groenpunt (bl. 18). Haar kamer is op die boonste verdieping vanwaar sy Mouille-punt se mishoring kan hoor. Die huis het 'n daktuin, binnehof en houttrappe wat kraak. Vyf huise deel 'n diensstegie (bl. 6). Die bure se dakstoep is naby genoeg om na die daktuin oor te klim (bl. 6). Giovanni's (bl. 11) is 'n bekende delikatessen in die hoofstraat van Seepunt. Milan woon in 'n kothuis langs Gloria se Hoekkafee in Groenpunt. Hy beland ná die ongeluk in die Mediclinic Tuine, aan die voet van Tafelberg en oorkant De Waalpark. Albei pa's is immigrante, met verwysings na vreemde oorde soos België en Tjeggië.	Die vertelde tyd is ongeveer 'n maand vandat Frankie Milan ken (bl. 145) tot ná sy ongeluk. Ons lees van die Juniewind (bl. 64) en winterdonker (bl. 131). Op bl. 118 is dit die laaste dag voor die skoolvakansie. Aanduidings van watter jaar dit is, is die verwysing na 'n selfoon (bl. 8), die musiek van Pink Floyd wat as "old school" beskryf word (bl. 18), die verwysing na *Shrek* (bl. 13) en die lees van *The girl with the dragon tattoo* (bl. 61) wat in ongeveer 2010 baie gewild was.	Saam met die subteks van oorlog en vrede, ervaar ons aan die een kant die mistroostige winterreën, die mishoring wat mistroostig kla (bl. 8) en die gevaar soos uitgebeeld in die diefwering en geslote hekke (bl. 6) en die onheilspellende vuurtoring- en ambulansligte. Daarteenoor ervaar ons die gelukkige Van Luffelens (bl. 10) en die ouers wat vir mekaar koer soos lemoenduiwe (p71). Milan se huis is tydelik, eensaam en donker teenoor die helder binnehof en gesellige etes van Frankie se ouerhuis. Frankie se pa maak kos en grappe; Milan se pa koop kitskos en is uithuisig met judo-toernooie. Frankie het 'n oorbeskermende ma en Milan se ma het hom verlaat voordat hy behoorlik kon praat.

Antwoorde op vrae
Hoofstuk 1 - 5

1. Die rot wys op "ek het my hart verloor / ek is verlief op jou / ek soek my liefling". Met die aap bied hy nou sy hart vir haar aan.
2. Milan. Hy het Frankie die naweek voor die skool begin het by die Waterfront gesien en verlief geraak (bl. 32).
3. Ja, dit laat haar hart vinnig klop en maak haar opgewonde.
4. Rooi is uitdagend en die diefwering simboliseer die oorsteek van 'n gevaarlike grens of om te wil uitbreek uit die bekende, veilige wêreld van die ouerhuis.
5. Dalk al drie. Dit is die begin van verliefwees en 'n boodskapketting. Die waarskuwing skep spanning en skimp dat alles nie maanskyn en rose gaan wees nie.
6. Sy bekommer haar gedurig oor klein dingetjies, en veral Frankie.
7. Albei pa's is immigrante en praat ander tale. Frankie se pa is 'n joviale Vlaamse bakker en Milan s'n 'n droewige Tsjeggiese wiskunde-onderwyser. Frankie se ma is eksentriek en oorbeskermend en Milan se ma is afwesig.
8. Albei hou van "old school" popmusiek soos Pink Floyd en albei is lede van die filmklub. Albei is ook vriende met Gloria.

9. Hiperbool/oordrywing en vergelyking. Die effek is humoristies en dra Shrek-eienskappe soos grootte sowel as teerheid, sagmoedigheid en onbeholpenheid aan die pa oor. 'n BMX is klein en kinderlik, wat genoemde effek versterk.
10. Milan het tot dan met niemand gepraat nie, want hy hou hom eenkant en sit pouses en lees.
11. Dr. Arnoldus Pannevis was die evangelis wat die Eerste Afikaanse Taalbewing in 1875 geïnisieer het. Die papegaai praat Afrikaans en dit maak sy naam humoristies. Milan, wat selde praat, praat aanmekaar met Pannevis (bl. 27).
12. 'n Italiaanse filmmaker, veral bekend vir sy rolprent oor die verganklikheid van sirkusnarre. Die kat is 'n straatkat wat Milan vir dood in die hoofstraat opgetel het (bl. 57).
13. Judo is 'n nie-gewelddadige vegkuns – hy glo dus aan oorwinning deur logika (wiskunde) en tegniek eerder as geweld.
14. Dit verwys na 'n advertensie waar die pienk hasie met Duracell-batterye baie identiese hasies met ander soorte batterye "oorleef". Ma beweeg dus vinnig en onophoudelik.

Hoofstuk 6 – 10

1. Die atoombom wat die hele idee van oorlog verander het. Sy graffiti gaan soos bomme in 'n oorlog vir 'n mooier plek wees, soos Banksy sê.
2. Banksy se *Exit through the gift shop*. Hy wil haar uit haar veilige "toring" bevry met hierdie geskenk.
3. Sy het 'n goeie hart, maak mense gelukkig en skep vir die oumense 'n fantasiewêreld waar hulle van hul wêreldse skete en probleme kan vergeet.
4. Hy pleeg reeksmisdade aangesien graffiti onwettig is. Hy "vermoor" leë ruimtes en padtekens en val mense se gevestigde idees aan.
5. Die mishoring waarsku skepe wanneer daar mis oor die see is sodat hulle nie in die rotse vasvaar nie. Dit maak 'n diep bulkgeluid.
6. Sy kan nie saans uitgaan om dit elders te doen nie. Dit is in Woodstock en die kans dat Milan dit sal sien, is skraal. Sy doen dit dus vir haarself as 'n soort geheime erkenning dat sy op hom verlief is.
7. Sy waag dit vir die eerste keer en betree daarmee 'n verbode wêreld van ingelyfdes. Ma se woorde kan ook beteken dat die handeling van spuitverf 'n mens se immuniteit teen graffiti-kuns afbreek.
8. 'n Femme fatale. Waarskynlik Mirna Myers, maar dalk ook Frankie, die rooi rissie.
9. Sy weet haar ma hou nie daarvan dat sy Coke drink nie, want Elena is hiper-gesondheidsbewus. Ben is 'n meestersjef wat nie iets so basies soos tjips in 'n deftige restaurant sal verdra nie.
10. Sy en Milan speel 'n skaakspel en maak skuiwe om mekaar vas te trek.

Hoofstuk 16-20

1. Dat Frankie sal besef die graffiti op haar huis is 'n liefdesverklaring van hom aan haar en dat dit haar sal oorreed om weer met hom te praat ná die Mirna-affêre.)
2. Sy vra vrae, wil weet saam met wie sy gaan fliek, hou haar met 'n fronsie dop wanneer sy die ballonne afsny, ens. Dit word mooi saamgevat in die blokraaisel waarmee sy besig is (bl. 107).
3. Sy aanvaar dit as Frankie sê sy gaan fliek en nie meer haar toestemming vra nie (bl. 107) en sy sê Frankie moet 'n sleutel vat – 'n sterk simboliese gebaar (bl. 108).
4. Hulle moenie dink sy vereenselwig haar daarmee of dat sy die boodskap verstaan nie.
5. Afrikaanse sestigerdigter wat in 1965 vermoedelik selfmoord gepleeg het deur die see in te loop. Die seiljag is 'n replika van 'n ou seilskip en die toeriste is sorgvry – dus die teenstelling soos die rioolreuk teenoor die blink spieël van die see. Net so is Milan se ongeluk die slegte teenoor die goeie van die hotel en die groen roomys.
6. Sy teken Milan se gesig as superheld wat onsterflik is, net soos om tussen rye voortsnellende karre deur te hardloop.
7. Dit is aanvanklik geïnterpreteer as "Pasop vir my" of "Verwag my, ek kom". Nou kry dit die

(Engelse) betekenis van “Beskerm my” of “Gee om vir my”.
8. Sy is waarskynlik bruin – dit sal verklaar hoekom sy vyf pruike het, die ou tannie 25 jaar lank opgepas het en praat van “gefoun” (bl. 14), “oge” (bl. 15), “bogklong” (bl. 115) en “pa-goed” (bl. 149)
9. Sy dink haar ouers sal nie verstaan nie, maar Gloria glo hulle sal as sy hulle die kans gee deur hulle van Milan te vertel.
10. Sy is bang Milan gaan dood en sy is bang die kat weet reeds instinktief dat hy sal doodgaan. Milan is nou in dieselfde situasie as waarin Fellini was toe Milan hóm halfdood in die straat opgetel het.

Hoofstuk 21-25
1. Sy voel magteloos en sy vrees sy gaan Milan verloor.
2. Dit herinner haar aan verbande om Milan se kop.
3. Dit is asof Elena besef Frankie word onafhanklik en moet die lewe buite haar veilige ouerhuis aandurf.
4. Dit wys Milan het ’n sagte hart en sy kry hom liewer. Dit herinner haar ook aan Milan wat in die hospitaal lê en dalk nie weer normaal gaan wees nie.
5. ’n Agterbeen, want hy het ’n kaal kol onder sy stert soos hy hom daarmee balanseer.
6. Die reistas simboliseer Milan en sy pa wat buitestanders is en die twee pa’s wat vreemdelinge in hierdie land is.
7. Dit is die item wat die minste vermis sal word en ook baie intiem. Sy steek dit weg omdat sy dit “steel”, maar ook om dit só nader aan haar liggaam te hou.
8. Hulle het haar nog nooit voorheen só gesien huil nie en sy is skielik weer soos ’n klein dogtertjie – tevrede om omhels en beskut te word. Sy is ook hul enigste kind, dus het hulle nie ondervinding daarvan nie.
9. Hulle is steeds verlief en verstaan hoe dit voel.
10. Sy besef sy het ook haar ouers se liefde en beskerming nodig en waardeer dit.

Hoofstuk 26-31
1. Dit is alles wat sy nooit mag geëet het nie. Dit is ’n troos-offer, maar ook om te sê Frankie is nou groot genoeg om self te besluit wat sy wil eet.
2. “Try hulle.” Sy was reg, Frankie se ouers verstaan en aanvaar.
3. Onbenullighede – gesels oor ditjies en datjies.
4. Geheueverlies.
5. Dit is ironies omdat Milan se kop ’n baksteenmuur getref het in die ongeluk. Ook figuurlik wou hy die wêreld met sy graffiti verander soos Banksy doen.
6. Ja, hulle praat daaroor, Ma ry Frankie rond en geniet “ons” missie (bl. 168).
7. Hy het tog onthou wie Frankie is of hy gaan haar van voor af leer ken.
8. Sy verwys na die stensils wat Milan oral geplaas het omdat hy so min praat en bedoel dat sy die boodskap daarvan kon verstaan.

Internet-vondse
Lees die volgende artikels op die internet:
Ek was hier het die skrywer Izak de Vries geïnspireer om sy kamera nader te trek: http://blogs.litnet.co.za/izak/2012/08/23/ek-was-hier/
Lona Gericke skryf ’n resensie oor die jeugroman: http://www.beeld.com/Boeke/OnlangsVerskyn/Graffiti-as-kommunikasie-in-pragboek-20120611
Nanette van Rooyen vertel in ’n onderhoud meer oor *Ek was hier*: http://www.storiewerf.co.za/onderhoude/oh_nanettevanrooyen.htm